# Om te gee 'n voorreg

HELENA BARNARD

**Te danke aan geld wat verlede jaar met die Loslitdag-veldtog ingesamel is, het die Association of and for Persons with Disabilities (APD) in die Frances Baard-distrik die voorreg gehad om bydraes aan mense met gestremdhede en ook aan organisasies te gee.**

Die vereniging kon 'n kontantskenking van R2 500 aan die koshuis van die Elizabeth Conradie-skool (Elcon) doen vir beddegoed vir van die inwoners.

In die koshuis woon nie net Elcon-leerlinge nie, maar ook talle leerlinge van die Retlameleng-skool vir kinders met gestremdhede, waar nie 'n koshuis is nie.

Karen Vorster en Leonie Croucamp, albei voogde by die koshuis, vertel dat ongeveer 60 kinders in die koshuis bly, en dat talle van die ouers nie in staat is om vir hulle beddegoed te koop, of van die huis te bring nie.

Volgens Vorster en Croucamp is beddegoed vir die koshuis altyd in aanvraag; van kussings, komberse tot gordyne.

Die APD kon ook aan die Sally Aucamp-huis vir volwassenes met fisieke gestremdhede doeke vir volwassenes van R1 500 skenk.

Boonop koop die vereniging vir twee behoeftige mense met gestremdhede, wat van battery-aangedrewe rolstoele gebruik maak, nuwe batterye vir die stoele.

Dorothy-Anne Howitson, sekretaresse van die vereniging, sê hulle is dankbaar teenoor die gemeenskap van Kimberley wat die geldinsameling op Loslitdag ondersteun het.

"Ons glo dat hierdie bydraes wat ons kon gee, 'n verskil sal maak."

Sy sê dit is belangrik dat die publiek sien hoe die geld wat hulle skenk, aangewend word.

Vanjaar se Loslitdag, met die tema "Share a Smile", vind op Vrydag 1 September plaas.




**By enkele van die produkte wat die APD-Frances Baard-distrik ná geldinsameling met Loslitdag 2022 gekoop het, is van links, voor: Miemie Higgs (waarnemende voorsitter van die APD-Frances Baard-distrik); agter: Karen Vorster en Leonie Croucamp (albei koshuisvoogde by die Elizabeth Conradie-skool, en onderskeidelik 'n adjunk- en departementshoof by dié laer- en hoërskool).** FOTO: HELENA BARNARD

Skakel 082-926-5754 om Loslitplakkers teen R20 elk te koop. T-hemde en pette is ook beskikbaar en moet teen einde Julie bestel word.

Besoek casualday.co.za vir meer inligting.

## Dagboek

### 7 EN 8 JULIE

■ Wees deel van die musiekfees by die Sivos-rugbyvelde, asook die gholfdag in Kathu. Sangers soos Dodo Nyoka, Loufi, Jan Rhaap en ander tree op. Bel André Schoeman by 082-319-5906 of Monique van der Merwe by 060-508-8838.

### 8 JULIE

■ Die Askham-boeresport-geleentheid met talle pretaktiwiteite en sportgeleenthede vind plaas. Besoek die Facebook-blad Askham Boeresport vir meer inligting.

■ Die Hoërskool Vaalrivier in Barkly-Wes bied 'n markdag op die skoolterrein aan. Toegang is R10 per persoon, en talle stalletjies sal hul produkte verkoop.

### 15 JULY

■ The Rugg a Market takes place from 10:00 to 15:00 at the Trim Park next to Oliver Road in Kimberley. Live music, fun events for kids, and plenty of stalls can be expected. Send a WhatsApp to 084-886-7457 or 076-903-9500 for more information.

### 17 JULIE

■ Martelize se boekrak bied 'n skrywerswerksessie van 10:00 tot 15:00 by Huis Mercy & Grace te Lubbestraat 44A, Jacobsdal, aan. Skakel 072-624-8327.

### 17 TOT 22 JULIE

■ 'n Feesweek vind by Huis Mercy & Grace te Lubbestraat 44A, Jacobsdal, plaas. Op Vrydag en Saterdag vind 'n entrepreneurs-, boere- en bakkiemark plaas, en 'n vlieërkompetisie vir kinders. Skakel 082-826-6914 vir meer inligting.

**ZERO CARBON CHARGE** **ENVIROAFRICA CC**

**NEMA AND NWA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**

**THE PROPOSED SOLAR PHOTOVOLTAIC RENEWABLE ENERGY GENERATION PLANT AND ELECTRIC VEHICLE RECHARGE FACILITY, N14, AKKERBOOM, BETWEEN KAKAMAS AND KEIMOES, NORTHERN CAPE**

Notice is hereby given of the intention to submit an application for environmental authorisation and the public participation process, in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment Regulations 2014, as well as a Water Use License Application (WULA) in terms of the National Water Act (Act 36 of 1998)(NWA). The proposed solar PV renewable energy plant and electric vehicle recharge facility includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2014.
EnviroAfrica cc has been appointed by Zero Carbon Charge to undertake a NEMA application process for Environmental Authorisation for the proposed solar facility.

**Application for environmental authorization to undertake the following listed activities* in terms of NEMA EIA Regulations 2014:**
Government Notice R327 (Listing Notice 1): Activity No. **1, 12, 24, 27, 28, 67**
Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **4, 12, 14, 26**

**Application in terms of NWA: Sections 21 (c) and (i)*.**
*Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified of any changes.*

**Project Description & Location:** It is proposed that a solar photovoltaic (PV) plant, electric vehicle recharge facility, battery energy storage system, ablution facilities, shop/farmstall, including associated infrastructure, be developed on Portion 47 of Farm No. 466, Kai! Garib. An area of approximately 9ha will be assessed. The proposed site is located on the northern side of the N14, approximately 15km west of Keimoes, and 21km east of Kakamas.
Site co-ordinates (approximate central point): 28°44' 18.30"S, 20°49' 32.00"E.

**Public Participation:** Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the applications and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to either, or all of, the projects to the contact details provided below, **on or before 08 August 2023** in terms of the environmental aspects (NEMA Application) and **on or before 11 September 2023** for water related issues (NWA WULA Application). In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name/s, and provide their name, address & contact details (*indicating your preferred method of notification*) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

Please note that only Registered I&APs will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by the applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions; will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and will be notified of the applicant's intention to appeal the decision, and where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

**Consultant:** EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 / Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: clinton@enviroafrica.co.za

X1XRBVFH-NK060723

## KENNISGEWING VAN DIE BASIESE ASSESSERINGS- (BA) PROSES VIR DIE VOORGESTELDE KONSTRUKSIE VAN KRONOS – HYDRA 2DE 400kV-KRAGLYN EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR BINNE PIXLEY KA SEME-DISTRIKSMUNISIPALITEIT, NOORD-KAAPPROVINSIE

Kennis word gegee ingevolge die Omgewingsimpakassesserings- (OIA) regulasies soos in Regeringskennisgewing R (GNR) 982 in die Staatskoerant nr. 38282 van 4 Desember 2014 (soos gewysig) gepubliseer is, van Eskom Holdings SOC Ltd se voorneme om 'n aansoek by die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DFFE) in te dien vir 'n Omgewingsmagtiging vir die volgende aktiwiteite:

i. Konstruksie van 'n tweede lyn van 187km en 400kV vanaf die Kronos-substasie na die Hydra-substasie.
ii. Toerus van die bestaande 400kV-toevoer-area by die Hydra-substasie.

**By die Kronos-substasie:**
iii. Vestiging van 'n 400kV HV-terrein en die toerus daarvan met 'n nuwe 400kV-transformator-area.
iv. Toerus van 'n nuwe 400kV-transformator-area by die 132kV-terrein.
v. Installasie van 'n nuwe 400/132kV, 500 MVA-transformator by die 132kV-terrein.
vi. Die uitbreiding van die 6m breë pad na die bergingsgebied met 85m; en die uitbreiding van 'n 9m breë pad na die nuwe 400kV-terrein met 110m.

**Projekligging:** Die projekgebied is in die Noord-Kaaprovinsie, en die lyn sal oor die volgende drie munisipaliteite binne die Pixley ka Semme-distriksmunisipaliteit loop: Siyathemba, Kareeberg en Emthanjeni. Plase kenmerk die gebied grotendeels, met sonkragaanlegte wat naby die Kronos- en Hydra-substasies gekonsentreer word. Daarbenewens is klein dorpe en nedersettings soos Copperton, Griesenkraal, Britstown en De Aar binne 'n radius van 10km van die kraglyn-korridor.

**OIA-proses:** Die voorgestelde omvang van werke word gelys in Lyskennisgewing 1, GNR 983, Lyskennisgewing 2, GNR 984 en Lyskennisgewing 3, GNR 985 van 2014 (soos gewysig). Aangesien 'n groter deel van die lyn binne die Sentrale strategiese kraglyn-korridor is, sal 'n Basiese Assesseringsproses gevolg word volgens die OIA-regulasies, 2014 (soos gewysig). Eskom SOC Ltd het dus die DIGES Group as die Omgewings¬assesseringspraktisyns (OAP) aangestel volgens Regulasie 12(1) van die OIA-regulasies, 2014 (soos gewysig).

**Aansoekproses vir watergebruiklisensie:** Die voorgestelde projek sal ook 'n Watergebruiklisensie (WUL)/ Algemene Magtiging (GA) ingevolge Artikel 21(c) en (i) van die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) vereis. DIGES sal die aansoek by die Departement van Water en Sanitasie indien.

**Openbare deelname:** Om te verseker dat u al die projekinligting kry, word u hiermee versoek om as 'n belangstellende en geraakte party (B&GP) te registreer deur u naam en kontakbesonderhede aan die ondergetekende OAP te verskaf. U kan vir die ondergetekende OAP vra vir kopieë van dokumente wat voorberei is vir die projek. U word versoek om u skriftelike kommentaar/besware (indien u enige het) in te dien by:
Konsultant: DIGES Groep, fisiese adres: 16de Straat 546, Midrand, 1685, telefoon: 011 312 2878

**Kontakpersoon:** Mnr L. Rasilingwani/ Me B. Makanza, e-pos: livhuwanir@diges.co.za / livhuras@gmail.com / brendam@diges.co.za

62GFDSG-NK060723